**Woensdag 6 September**
**Skrifgedeelte: Genesis 2:4b-25**
**Fokusgedeelte: Genesis 2:18 (AFR83)**
**Individualisme misken God se ontwerp vir die mens**
Die volgende drie dae skenk ons aandag aan die valse mensbeskouing van individualisme. Individualisme word dikwels verwar met individualiteit. Wanneer die fokus op eie individualiteit so ver gaan dat dit verhoudings beskadig en ander mense se behoeftes misken, ontaard dit in individualisme.
Individualisme kan beskryf word as ’n lewe gerig op jouself sonder om ander individue of die sosiale groep in ag te neem. Individualisme gaan gepaard met uitsprake soos: “Ek wil dinge doen soos ek dit wil doen”; “Ek het niemand anders nodig nie” en: “Ek is net verantwoordbaar aan myself.” Daarteenoor is elke mens se individualiteit wel belangrik. Dit gee aanduiding van jou unieke menswees met jou unieke kwaliteite.
Individualisme strook nie met die Here se ontwerp vir die mens nie. Nadat Hy vir Adam geskep het, sê Hy: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke” (2:18). Van Adam word gesê: “... maar vir homself het hy nie ’n helper, ’n gelyke, gekry nie” (2:20). Weer word die woorde “’n helper” en “’n gelyke” herhaal. Wanneer hy ’n vrou kry, bevestig hy dat ’n diep behoefte vervul is: “Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek” (2:23). Die mens is deur God geskep en ontwerp as sosiale wese met ’n inherente behoefte aan verhoudings – met God en ons medemens.
Uiteindelik sou Jesus Christus as dié Helper Homself verneder en as ons gelyke kom. Hy red ons uit die diepste sondenood waarin ons onsself gedompel het. Om geloof in jouself te plaas, is om op ’n stormsee jou anker in eie boeg uit te gooi en te glo jy is geanker. Individualisme is daarom vals. Dank die Here dat ons nie net ander helpers het nie, maar ook dié Helper in ons nood. Selfs al het mense jou seergemaak, en wil jy jouself in selfbeskerming afsluit, is daar steeds goeie helpers en dié Helper. Sonder Hom kan geen mens nie.
*Sing: Psalm 133-1:1, 2*
*Ds. JGL van der Walt (Deon) (Oudtshoorn)*